MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

13 November 2023

Geagte Ouers

O/B 41 Finansiële reëlings: 2024

Baie dankie aan die ouers wat Donderdag, 9 November 2023 se algemene jaar- en begrotingsvergadering bygewoon het. Tydens die vergadering is die konsep begroting vir die jaar 2024 aan u voorgehou en het die algemene-ouervergadering dit goedgekeur. Die voorgestelde begroting is nou die amptelike begroting. Die hef van skoolgeld vir 2024 is tydens die vergadering goedgekeur. Lees asseblief die volledige punte wat deur die algemene-ouervergadering goedgekeur is t.o.v. finansiële verpligtinge op bladsy 2. Totale skoolgeld vir 2024 sal R13 420 beloop (’n verhoging van 8.9%) met die volgende betaalplan:

- Eerste betaling van R1 220 betaalbaar voor 31 Januarie 2024, plus tien verdere paaiemente van R1 220 elk maandeliks vooruitbetaalbaar vanaf 1 Februarie 2024 tot 1 November 2024. Die eerste skoolgeldbetaling van R1 220 kan nou al betaal word. *The school fees for 2024, as approved by the parents at the budget meeting of 11 November 2023, are R12 320 for the year (R1 220 pre-payable per month for 11 months). Initial R1 220 to be paid before 31 January 2024.*

Ekstra Rekenaargeletterdheid: Klasgeld is R1 000 per jaar betaalbaar voor 31 Januarie 2024, of R300 per kwartaal betaalbaar teen die tiende skooldag van elke kwartaal. Rekenaargeletterdheid-onderrig is opsioneel, daarom word slegs leerders wat dié betaling maak tot die lokaal toegelaat. Ekstra tyd binne die rooster word hiervoor ingeruim. *Optional additional computer literacy class fees for 2024 are R1 000 per year paid before 31 January 2024 or R300 per term payable by the 10th day of each term.*

Ons vra dat u die meegaande herregistrasievorm en finansiële kontrak nagaan, invul, opdateer waar nodig en terugstuur voor/op Maandag, 20 November 2023. Gebruik asseblief ’n **rooi pen** om enige veranderinge aan te bring. Let veral op die korrekte selfoonnommer aangesien dit gebruik gaan word om via d6 Connect met u te kommunikeer. **Onthou asseblief om ons onmiddellik te verwittig indien enige van u besonderhede verander**.

Ons wil ouers aanmoedig om sover moontlik van aftrekorders gebruik te maak. Indien u verkies om u skoolgeld maandeliks per debietorder te betaal, gebruik asseblief die ingeslote vorm en stuur saam met die herregistrasievorm terug skool toe. **Alle bestaande debietorders verval in Desember 2023.** Bestaande aftrekorders moet asseblief gedurende Desember gewysig word, sodat die korrekte betaling vanaf Januarie in werking kan tree. Gebruik asseblief u **van en familiekode** soos aangedui op die herregistrasievorm as **verwysing by inbetalings**, gebruik asseblief een aftrekorder of debietorder per familie. D6 connect se betalings ‘app” STICCIT is ook beskikbaar as ’n maklike betalingsmetode. Kontak gerus die kantoor vir inligting.

Ek wil op elke ouerhuis 'n spesiale beroep doen om hul samewerking te gee om die administratiewe reëlings glad te laat verloop. Stuur asseblief die vorms betyds terug en kom u finansiële verpligting stiptelik na. Daardeur sal u ons bemagtig om gehalte onderwys aan u kind te gee in 'n skoon, netjiese en veilige omgewing.

By voorbaat baie dankie vir u samewerking.

Vriendelike groete

William James Bussell
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

Die volgende punte is by Laerskool Montagu begrotingsvergadering van 9 November 2023 goedgekeur:

- Dat skoolgeld ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 en 39(1) van die Suid Afrikaanse Skolewet (hierna 'die Skolewet') vasgestel en gehef sal word.
- Dat die begroting, soos wat die beheerliggaam voorstel, goedgekeur word, en dat die beheerliggaam gemagtig word om tekorte wat op begrote bedrae vir bepaalde begrotingsitems ontstaan, uit oorskotte aan te vul wat by ander items kan ontstaan, mits die totale begroting nie sonder goedkeuring van 'n ouervergadering oorskry word nie.
- Dat die voorgestelde aanstelling van bykomende personeel, en betalings ingevolge artikel 38A van die Skolewet, goedgekeur word.
- Dat die skoolgeld betaalbaar sal wees ooreenkomstig die begroting wat deur die beheerliggaam voorgelê is.
- Dat die volle uitstaande skoolgeld onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word indien enige paaiement nie teen die betaaldag betaal is nie.
- Dat alle ouers verplig sal wees om skoolgeld te betaal, tensy hulle ooreenkomstig die bepalings van die Skolewet, enige toepaslike regulasies én hierdie besluit van sodanige betaling vrygestel is.
- Dat ouers wat aanvoer dat hulle nie skoolgeld kan betaal nie, en daarom op algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolgeld aanspraak maak [hierna 'die aansoeker(s)'], ingevolge artikel 39(4) van die Skolewet, die regulasies wat daarin beoog word én hierdie besluit by die beheerliggaam om sodanige vrystelling moet aansoek doen.
- Dat die aansoeker die beheerliggaam op oorwig van waarskynlikheid moet oortuig dat hy/sy op enige sodanige vrystelling geregtig is.
- Dat die aansoeker se aansoek:
- Skriftelik moet geskied in die vorm wat toepaslike regulasies voorskryf; die totale jaarlikse en maandelikse bruto inkomste en uitgawes uiteensit van die aansoeker self, enige ander persoon/persone wat ingevolge die Skolewet as ouer(s) van die betrokke leerder(s) in aanmerking kom, en enige ander verdiener in die huishouding, met stawende dokumente waar moontlik; die bates (teen markwaarde) en laste van die aansoeker moet uiteensit, met stawende dokumente waar moontlik;
- die samestelling van die aansoeker se gesin moet uiteensit;
- moet aandui of daar om algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolgeld aansoek gedoen word; en
- elke moontlike tersaaklike feit moet bevat wat die aansoeker ter ondersteuning van die aansoek wil aanvoer.
- Dat die beheerliggaam geregtig sal wees om sodanige inligting aan te vra of in te samel as wat na die oordeel van die beheerliggaam nodig is vir die regverdige en billike beoordeling van 'n aansoek om vrystelling van betaling van skoolgeld.
- Dat geen aansoek om vrystelling wat nié aan die voorskrifte van hierdie besluit voldoen, oorweeg sal word nie, tensy die beheerliggaam oortuig kan word van buitengewone omstandighede wat die nienakoming van die prosedure regverdig.
- Dat die beheerliggaam geregtig sal wees om die bevoegdheid om 'n aansoek om vrystelling, soos wat hierbo bedoel word, te ontvang, te oorweeg en te beslis, aan 'n komitee van die beheerliggaam te delegeer.
- Dat die aansoeker binne sewe dae ná die besluit van die komitee skriftelik daarvan in kennis gestel sal word.
- Dat 'n aansoeker wat hom/haar veronreg voel deur 'n beslissing van 'n komitee van die beheerliggaam, soos wat in paragraaf 4.12 bedoel word, geregtig sal wees om binne sewe dae ná ontvangs van die uitslag van sy/haar aansoek skriftelik na die beheerliggaam te appelleer. Die appèl sal nie deur die beheerliggaam van die hand gewys word sonder dat die aansoeker geleentheid gebied is om mondelings aangehoor te word nie.
- Dat, behoudens 'n aansoeker se reg om ingevolge artikel 40(2) van die Skolewet na die Departementshoof van Onderwys te appelleer, die beheerliggaam se beslissing finaal sal wees.
- Dat die enigste maatstaf waarvolgens die komitee van die beheerliggaam sal oordeel of enige tipe vrystelling verleen sal word of nie, die aansoeker se voldoening aan die vrystellingskriteria sal wees, soos dit verskyn in die Skolewet en enige toepaslike regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is.
- Dat hierdie besluit nie die ouer óf die skool daarvan weerhou om 'n ooreenkoms aan te gaan om skoolgeld op 'n ander wyse te betaal as wat hierin voorgeskryf word nie.
- Dat die beheerliggaam geregtig sal wees om sodanige vrystellingsvoorwaardes as wat redelik geag kan word, aan 'n aansoeker op te lê.